Tema: Skepper vs skepping teologie

Inleiding: Op skool het ons ’n rympie gehad waarvolgens ons die planete in ons sonnestelsel kon onthou. Die rympie was: Meneer Van As My Jas Sal U Nie Pas. Dit het gestaan vir: Mercurius Venus Aarde Mars Jupiter Saturnus Uranus Neptunus (Pluto)



Maar toe gaan die wetenskaplikes en sê maar Pluto is nie regtig ’n planeet nie en 2 kinders dink toe ’n nuwe rympie uit wat so klink: My vrolike apie maak jakkals se uniform nat.

Die rede hoekom ek oor die rympie praat is omdat ons vandag praat oor God en sy skepping. Belangrik voordat ons daaroor praat, is om te onthou dat die Bybel bestaan uit verskillende genres of literatuur soorte soos verhale, geskiedenis, gedigte, ens. Skeppingsverhale is gewoonlik verwysende narratiewe. Stories wat dus na iets anders verwys.

Geleerdes sê skeppingsverhale was mondelinge oorvertellings en eers later op skrif gestel tydens die ballingskap. Die ballingskap was ’n tyd waar Israel deur die vyand verslaan is en hulle tempel verwoes is, want nie net volke nie, maar ook die volke se gode het teen mekaar baklei. Nou sê die vyand Baal is meer belangrik as God. In hierdie moeilike tye vertel Israel hulle skeppings-

verhaal en die verhaal help hulle met 2 dinge:

1. Deur die skeppingsverhaal bely hulle hul geloof in ’n Skepper God en hulle sê vir almal dat Jahwe, die God van Israel, die een is wat die skepping gemaak het.
2. Met die verhaal oriënteer hulle hul aan wie hierdie God is en wie hulle is.

Israel (en ons) het dus nie ’n skeppings teologie nie, maar ’n Skepper teologie en as dinge soms moeilik raak help die skepping ons om net weer te bely in wie ons glo en ons ook te oriënteer en te help besef wie hierdie God is wat ons aanbid.

Skriflesing: Genesis 1:1-31

Met dit as agtergrond lees die skeppingsverhaal en onthou dat die verhaal die heeltyd besig is om heen te wys na die Skepper.

Geloof en wetenskap is dus nie teenoorgesteldes nie. Dis nie die een óf die ander nie. Dis die een én die ander! Dis miskien die eenvoudigste om dit só te stel: Wetenskap gaan oor die hóé van die skepping (of dan die natuur). Dit gee deur die wetenskaplike metodes van hipoteses, teorieë en toetsing vir ons insig in “hoe dinge werk”.

Geloof vra ander vrae. Nie “hoe werk die natuur” nie, maar “Hoekom is daar iets en nie niks nie?”, “Wie is God?” – ja, dis die vrae van die geloof! Verstaan ons dit so, is geloof en wetenskap dan ook nie opponente nie, maar goeie vennote!

Ons het van kleintyd af geleer dat die Bybel NIE ’n wetenskaphandboek is nie. Ook nie ‘n geskiedenishandboek nie, al word daar ook na geskiedkundige gebeurtenisse verwys.

As ons dit snap en besef dat die skeppingsverhaal ’n geloofsbelydenis is, dat ons in ’n God glo wat die hemel en die aarde gemaak het dan word vrae gevra soos: “Het God in sewe dae van 24 uur elk geskep, of verwys die 24 uur na sewe “tydperke”?” Watter ander tydsinterpretasie mense ook al daaraan wil gee – dit is nie die punt van Gen 1 nie. Dát God die Skepper is (“Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde”), dat Hy alles onderhou en in beheer van sy Skepping is, dat Hy sy Skepping “goed” vind en dit liefhet. Dat Hy vir mens, plant en dier lewensruimte wil gee en hulle wil leer om in verhouding met Hom te lewe. Dít is die boodskap van Gen 1.

> If Creation were a crime, would not God be the prime suspect?
>
> Robert Brault

Oor die hóé van die skepping en hóé die natuur inmekaarsteek – daar kan ons juis by die wetenskap gaan kers

opsteek, sodat dit ons verwondering oor God se grootheid kan versterk (want dit is wat die effek van ware wetenskap behoort te wees). En dit is dan ook presies wat skeppings-verhale nog doen: Hulle help ons om onsself net weer te oriënteer oor wie God is en wie ons is.

In ons wêreld is die vraag al meer en al meer – waaraan kan ek vashou wat nooit sal verander of sal wankel nie? En die ongelooflike is dat hierdie boek die antwoord kom gee. Ja – duisend maal ja daar is iets – oriënteer jou weer daaraan? Aan die Skepper van die hemel en die aarde.

Dit werk amper soos die Suiderkruis in die nag. Kyk op en oriënteer jouself weer.

Die wetenskap help ons om God se grootheid te bewonder en om Hom te aanbid. As mens net na die kosmologie kyk staan jy verstom oor die grootheid van God se skepping. Maar die wonderlike is dat hierdie ontsaglike groot God ons ken en ons na sy beeld gemaak het. Ja, ’n God wat ons seën met sy kosmologiese astronomiese onverklaarbare genade.

Die Een wat die lewensasem kom gee, slaan ons asems weg.

By Seepunt staan ’n vreemde standbeeld, gemaak deur Marnitz Jansen van Rensburg.

Op die eerste foto is dit ’n klomp los pale met die snaakse stukke yster vorms op.

Maar as jy dan van ’n sekere hoek af na die losstaande pale en strukture kyk dan sien jy hulle vorm saam ’n renoster.

Skeppingsverhale wil ons help om só na die skepping te kyk dat ons die Skepper sal raaksien en weer sal

besef watse wonderlike God ons aanbid.

Die lewe lyk dikwels soos 'n reeks geïsoleerde gebeurtenisse, of 'n dag-tot-dag-oorlewing van die sterkste, waar ons nie die tyd of energie het om oor dinge soos betekenis en doelgerigte lewe na te dink nie.

Die skepping help ons om soms net stil te staan en ons weer te oriënteer aan die Skepper.

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

Job 12:7
7. "... gaan vra gerus die diere – hulle sal jou leer, en die voëls van die hemel – hulle sal jou inlig. 8. Of gaan kla by die aarde, wat jou sal leer; die visse van die see sal jou vertel. 9. Wie onder hulle almal weet nie dat die hand van die Here dit gedoen het nie? 10. Dit is Hy in wie se hand die lewe is van alles wat leef, ook die asem van elke mens se liggaam.